

DEFENCE INTELLIGENCE
DECLASSIFIED

AMI/IO/311/1/11

2014-01-28

SPREK MET DGSE : 21 en 23 JULIE 1987

J.A.L STEINMANN

72563596PE WO1

1. daar is by verskillende geleenthede met DGSE kontak gemaak :

a. Die aand van 21 Julie het die Hoof van die DGSE en een van sy offisiere mnr Pierre Lethier, HSAW, HDIO, brig Oelschig en brig Sonnekus vir aandete ontvang.

b. HDIO en brig Oelschig het Pierre Lethier by twee ander geleenthede te woord gestaan, naamlik om 17H00 op 21 Julie en om 16H30 op 23 Julie.

2. Milaan Tenkafweermissiele. Pres Savimbi het 'n versoek aan die DGSE gerig om vir hom Milaan Tenkafweermissiele aan te koop. Die koste verbonde aan 120 Milaan Missiele en 30 Lanseerders beloop 51,8 miljoen Franse Frank (ongeveer R17 m). UNITA het nie die fondse vir hierdie wapentuig nie en die moontlikheid bestaan dat die RSA hierdie missiele kan bekom. 'n Antwoord in hierdie verband word benodig. Die Missiele is nuut vervaardig en is in alle opsigte diensbaar.

3. Mistrale Lugafweer-missiel. Dit is 'n nuwe Franse Lugafweer missiel wat tans in die finale stadium van ontwikkeling is. Dit sal na verwagting beter presteer as die Amerikaanse Stinger. Die Franse hoop om drie of vier proefmodelle hierdie jaar nog aan die RSA beskikbaar te kan stel vir toetsing in die operasionele gebied. Bulle beplan ook om volgende jaar twintig missiele van die eerste produksie modelle aan UNITA beskikbaar te maak vir aanwending teen die MPLA magte. Daar bestaan 'n moontlikheid dat die RSA Mistrale Lugafweer-missiele kan aankoop indien 'n derde land soos Zaïre dit sou bestel en die eindverbruikerssertifikate sou verskaf. Dit beteken egter dat die RSA sal moet aanvaar om ongeveer 10% kommissie aan óf Mobutu self óf aan die Minister van Verdediging van Zaïre, Likulia, te betaal.

Apilas Tenkafweer projektiële. DGSE vra dat die RSA die resultate van die operasionele aanwending van die Apilas Tenk-afweer projektiële moet byhou om aan die Franse te verskaf. DGSE gaan voort om die lewering van 100 Apilas Tenkafweer Projektiële aan die RSA via Gaboen op 3 tot 4 Augustus 1987 te reël.

Spes Magte Besoek aan DGSE. Mnr Lethier dui aan dat die 4 lede van Spes Magte enige tyd gedurende die tydperk 1 tot 15 September 1987 besoek in Frankryk kan aflê. Hulle sou verkies dat die datums tot 12 September gebruik word.

HDTI Besoekspan aan DGSE. Mnr Lethier dui aan dat hierdie besoek nie voor Oktober/November hierdie jaar sal kan plaasvind nie en die aangeleenthede wat hulle bereid is om met HDTI se span te bespreek is :

a. Vyandelike elektroniese uitrusting.

b. Opsporingsuitrusting van vyandelike meeluisterapparaat vir veral in Ambassades gebruik word.

SAM 9 Lugafweermisiele. Mnr Lethier sê dat daar moontlik van hierdie stelsels bekom kan word via die BND in Duitsland. Hy sal met 'n volgende besoek wat na verwagting 22 tot 24 Augustus sal plaasvind, verdere terugvoer hieroor gee.

George Starckman (Operasie DAISY). Die DGSE het daarin geslaag om hom in Switserland op te spoor. Mnr Lethier sal nou ingaan op die moontlikheid om Starckman met 'n "nuwe transaksie" na Marokko te lok. Die RSA sal dan verantwoordelik wees vir die verdere hantering van Starckman ten einde die 20 miljoen dollar wat van die RSA geswendel is, terug te kry. Hierdie saak word uiters delikaat en uiters sensitief net deur mnr Lethier met HDIO hanteer.

DEFENCE INTELLIGENCE
DECLASSIFIED

AMI/IO/311/1/11

VERGADERING TUSSEN HSAW EN MNR FOCCART : 22 JULIE 1987

Die doel van die gesprek was om te probeer bepaal of mnr Poccart die RSA behulpsaam kan wees om sy kontak met Afrikastate uit te brei.

1. Mnr Poccart het aangedui dat daar slegs twee state is met wie die RSA op bilaterale basis in hierdie stadium met vrug kan saamwerk, naamlik die Ivoorkus en Gaboen. Die ander Afrikastate is nog nie gereed vir sodanige samewerking nie, hoofsaaklik as gevolg van die beeld wat daar van die RSA in Afrika geskep word. Hy is van mening dat hierdie beeld reggestel behoort te word deur gereelde opsommings van die belangrikste konstitusionele gebeure in Suid-Afrika aan Afrikastate beskikbaar te maak. Van sy kant onderneem hy om toe te sien dat sodanige opsommings, wat vryelik beskikbaar moet wees ook aan die Franse Ambassadeurs in Afrikastate te laat versend en self met Staatshoofde daaroor gesprek te voer. Hy was byvoorbeeld beïndruk met HSAW se verduideliking van die betekenis van die Streeksdiens Rade, veral die feit dat alle bevolkingsgroepe op Streeksvlak nou inspraak sal hê in besluitneming en aan die toewysing van fondse vir die uitvoering van sodanige besluite.

3. Mnr Poccart is van mening dat die klimaat wat so geskep word uiteindelik daartoe kan lei dat daar beter samewerking tussen die RSA en ook ander Afrikalande kan wees.

4. Mnr Poccart het 'n spesifieke punt daarvan gemaak om die Albertini aangeleentheid te berde te bring. Hy versoek dat die RSA Albertini nie in hierdie stadium moet vrylaat nie, hoofsaaklik vir die volgende redes :

- a. Indien Albertini nou vrygelaat word sal Pres Mitterand die krediet daarvoor kry. Eerste Minister Chirac is begerig om dit te verhoed.

DEFENCE INTELLIGENCE
DECLASSIFIED

2014-01-28

- b. Albertini se vrylating, sonder dat daar verder gepraat word oor moontlike teenprestasies soos die geloofsbriewe van Ambassadeur Geldenhuys, of die vrylating van Wynand du Toit, sal die beeld van die Franse wat betrokke is om met Angola te onderhandel in hierdie verband, benadeel.

DEFENCE INTELLIGENCE
DECLASSIFIED

2014-01-28

J.A.L STEINMANN
72563596PE WO1

AMI/IO/311/1/11

SPREK HSAW MET MENERE ROUSSIN EN OLLIVIER OP 22 JULIE 1987

HSAW het begin deur te verduidelik dat die Regering van die RSA die onder druk sekere stappe neem nie, maar dat aanpassings in die RSA uit eie vrye wil geskied. Die RSA Regering is sensitief daarvoor dat daar nie 'n beeld geskep word dat hy onder druk swig sie. HSAW het toe spesifiek verwys na Pres Houphouët-Boigny se standpunt dat hy die RSA graag wil help, maar dat die RSA dan iets in ruil daarvoor vir hom moet gee.

Mnr Roussin het van sy kant die probleem van Albertini opgehaal. Hy het namens Eerste Minister Chirac gevra dat Albertini die vrygelaat word nie. Hy versoek dat die indruk eerder geskep moet word dat Mitterand se optredes die vrylating van Albertini bemoeilik het. Die redes wat hy aangevoer het vir sy versoek is :

- a. Pres Mitterand kry die eer van Albertini se vrylating en dit is nie bevorderlik vir Chirac se beeld nie.
- b. Die indruk word geskep dat die RSA onder druk reageer.

Mnr Roussin sê dat 'n afgevaardigde van Chirac, (waarskynlik Ribeaux) met 'n brief van die Franse Eerste Minister dan later, dit wil sê teen ongeveer einde Augustus, na pres Sebe toe sal gaan om te gaan onderhandel oor die vrylating van Albertini. Hy versoek egter dat hierdie gesprek en beoogde optrede slegs beperk word tot die huidige kanaal. Chirac is bang dat indien die Franse departement van Buitelandse Sake as kanaal gebruik word, daar lekkasies na Mitterand toe sal wees tov hierdie saak.

DEFENCE INTELLIGENCE
DECLASSIFIED

2014-01-28

J.A.L STEINMANN
22563596PE/WO1

Mnr Roussin sê ook dat indien Albertini vrygelaat word, op welke metode ookal, sal Mitterand geen keuse hê as om Ambassadeur Aldenhuis se geloofsbriewe te aanvaar nie. Soos hulle dit dus sien, kan Chirac die krediet vir sy vrylating kry terwyl Mitterand verplig sal wees om die geloofsbriewe te aanvaar.

Mirage Onderdele. Mnr Roussin het aangedui dat hy en die Hoof van die Eerste Minister se Militêre Kabinet, genl Norlain, gesprekings gevoer het oor moontlikhede om Mirage onderdele wat tans deur derde partye verkry moet word, direk aan die RSA te verskaf. Blykbaar is die direktief wat geskryf is om die direkte uitvoer van bepaalde onderdele na die RSA te verbied, so geskryf dat die Franse Eerste Minister die keuse van interpretasie kan uitoefen ten opsigte van die klassifikasie van onderdele. Indien Chirac dus voortuig kan word om aan sy Departement van Doene en Aksyns opdrag te gee om die direktief op 'n bepaalde manier te interpreteer soos wat dit gedoen was tot en met 1983, kan daar weer direkte uitvoere van bepaalde onderdele na die RSA plaasvind. HSAW het aangedui dat daar nie in hierdie stadium 'n behoefte daaraan bestaan nie. Roussin het HSAW verseker dat indien daar so 'n behoefte sou ontstaan, hulle bereid sal wees om te probeer help.

Opmerking. Na oorlegpleging tussen HSAW en HDIO, is mnr Roussin weer op die oggend van die 24 Julie gaan sien om te praat oor die Albertini aangeleentheid. Daar is toe die volgende boodskap aan hom voorgedra. Dit is die mening van HSAW en HDIO dat die RSA Regering bereid sal wees om volle steun te verleen met die tydsberekening en metode van vrylating van Albertini indien die Franse Regering die vrylating van Wynand du Toit kan bewerkstellig. Mnr Roussin het hierdie boodskap op Saterdag 25 Julie aan die Franse Eerste Minister voorgedra. Volgens meneer Ollivier wat ook by hierdie gesprek teenwoordig was, het die Franse Eerste Minister positief gereageer en oorweeg hy tans om mnr Wibeaux na Dos Santos te stuur om die saak te gaan bespreek.

DEFENCE INTELLIGENCE
DECLASSIFIED

2014-01-28

J.A.L. STEINMANN
72563596PE WO1

AMI/IO/311/1/11

GESPREK HDIO EN MNR ROUSSIN OP 24 JULIE 1987

Die doel van die gesprek was om aan mnr Roussin die boodskap oor te dra dat daar na die mening van HSAW en HDIO volle steun van die RSA Regering verwag kan word ten opsigte van die vrylating van Albertini indien die vrylating van Wynand du Toit deur die Franse eerste Minister se kantoor bewerkstellig kan word.

Mnr Roussin meld toe dat daar volgens inligting wat hulle bekom het, 'n skema bestaan waarvolgens Mirage vliegtuie via Peru en Argentinië aan die RSA verskaf sou word. Volgens hulle inligting wil Peru die twaalf enkelsitplek en vier dubbelstuur Mirage vliegtuie wat hulle bestel het en wat hulle nie kan betaal nie, aan Argentinië verskaf, wat bereid sou wees om dit dan aan die RSA te verkoop. Mnr Roussin vra of daar enige waarheid in hierdie berig steek, want Argentinië het blykbaar gevra of Frankryk beswaar sal hê indien hulle daarmee gemoeid raak. Mnr Roussin self en die adviseurs van Chirac sal hulle bes doen om so 'n skema, indien die RSA daarin belang sou stel, met sukses te kan deurvoer.

DEFENCE INTELLIGENCE
DECLASSIFIED

2014-01-28

J.A.L. STEINMANN
72563596PE WO1